







# Voorkeurbesprekings

## ATKV-oorde vergemaklik u vakansie-ervaring met gesinsvriendelike wegbreke by enigeen van ons sewe oorde wat u, as ATKV-lid, boonop die vergunning gee om vooruit te bespreek.

Lede kan vanaf 1 September 2026 soos oudergewoonte hul besprekings vir die skoolvakansie in Junie/Julie 2027 by ATKV-Eiland Spa maak.

Om die voorkeurbesprekingsproses egter so vlot as moontlik te laat verloop, bring ons graag die volgende aspekte onder ons lede se aandag:

1. Die voorkeurbesprekingsperiode vir lede word tot die eerste 14 dae van September 2026 beperk. Lede sal slegs 14 dae vanaf 1 September 2026 hê om te bespreek. Vanaf 15 September 2026 word besprekings vir die publiek oopgestel. Besprekings kan vanaf 07:00 die oggend op 1 September 2026 gemaak word. Besprekings kan in persoon by die oord, telefonies of aanlyn gemaak word.

2. Besprekings vir hierdie tydperk is onderhewig aan 'n minimum aantal nagte. Vir kampering is die minimum hoeveelheid tien nagte en vir verblyf in eenhede, vyf nagte.

3. Lede moet asseblief ook kennis neem dat die #RekUit-depositobeleid vir voorkeurbesprekings steeds geld. Meer inligting oor die skedules is hier beskikbaar.

4. Deur te bespreek, bevestig u dat u aan alle bepalings en voorwaardes, sowel as die oordreëls sal voldoen.

5. Voorkeurbesprekings kan ook nou aanlyn op die ledeplatform gemaak word. Neem asseblief kennis van die volgende wanneer u aanlyn bespreek:
   a. Lede kan van 1 tot 14 September 2026 aanlyn by www.atkvoorde.co.za bespreek.

6. **Indien u aanlyn bespreek:**
   a. Mag u slegs EEN eenheid of staanplek bespreek.
   b. Kan u NIE 'n spesifieke eenheid/staanplek kies NIE, slegs 'n eenheidstipe of kampeerstaanplekblok.
   c. Is die deposito van 10% van die besprekingswaarde onmiddellik betaalbaar, slegs vir 1 en 2 September 2026. Daarna val dit terug na 50% van die besprekingswaarde, soos met gewone aanlyn besprekings.

www.atkvoorde.co.za

ATKV Oorde
JOU VAKANSIE INSPIRASIE




d. Om teleurstelling te voorkom, word u aangemoedig om vooraf seker te maak dat u geregistreer is en toegang tot die aanlyn ledeplatform het wanneer u aanlyn bespreek. Indien u onseker is of hulp nodig het, skakel gerus ons ledesake-afdeling by 011 919 9000.

e. Inbel- en e-posbesprekings (slegs e-posaansoeke soos ontvang vanaf 07:00 op 1 September 2026) word aanvaar, maar inbelbesprekings sal voorkeur geniet.

**7. As u inbel en bespreek:**

a. Kan u u eenheid/staanplek kies.

b. Mag u slegs EEN eenheid of staanplek bespreek.

c. Is die deposito van 10% van die besprekingswaarde volgens die #RekUit-skedule betaalbaar.

**8. U kan enige van die onderstaande nommers skakel om te bespreek:**

- ATKV-Eiland Spa: 015 386 8000
- Sentrale besprekingskantoor: 011 919 9092

Ons waardeer u samewerking in hierdie verband. Moenie hierdie geleentheid misloop nie – skakel ons vanaf 1 September 2026 en bespreek u gesinsvriendelike wegbreek by ATKV-Eiland Spa.



www.atkvoorde.co.za

ATKV Oorde
JOU VAKANSIE INSPIRASIE